



Vak: Graad 6 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 106 Punte

1. waar 2 punte

Verduideliking:

Leonardo da Vinci het spesiale toestemming ontvang om lyke op te sny vir navorsing (dit was onwettig om dit te doen sonder toestemming).

2. handelsroetes tussen die Ooste en die Weste wat inligting en nuwe idees na Europa gebring het | 'n sterk ekonomie wat dit kan bekostig om luukse goedere te koop | toegang tot waterkanale en hawens vir reis 6 punte

Verduideliking:

Hierdie drie opsies is wat voor die Renaissance plaasgevind het, maar wat die Renaissance moontlik gemaak het om te begin.

3. Sy | Syroete 3 punte

Verduideliking:

Die Syroete is gebruik deur karavane wat handelgedryf het in speserye en sy vanaf die Ooste. Sy was die gewildste artikel.

4. A: Matrose en ontdekkingsreisigers kon inligting oor hul reise akkuraat aanteken, wat beteken dat kartograwe meer akkurate kaarte kon maak. 4 punte

Verduideliking:

Die uitvinding van die magnetiese kompas, die teleskoop en die sekstant het die akkuraatheid van die maak van kaarte verbeter.

5. sy | Syroete 3 punte

Verduideliking:

Die Syroete was baie deur karavane gebruik en het gehandel in speserye en in sy van die Ooste. Sy was 'n baie gesogte item.

6. opgeneem | neergeskryf | geskryf 3 punte

Verduideliking:

Die meeste van ons begrip oor die Renaissance kom uit geskrewe dokumente wat ons vertel van dié tyd.



7. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Die kennis en idees het aanvanklik uit China gekom en deur Asië beweeg. Die Renaissance het in die 1300's in Italië begin.

8. Swahili | globalisering | dhows 6 punte

Verduideliking:

Die Arabiere het oor die Indiese Oseaan na die ooskus van Afrika geseil waar hulle met die Swahili handel gedryf het, wat hul goed van die Mapungubwe boere gekry het. Dit was die begin van globalisering.

9. heilige | gewyde | geestelike 3 punte

Verduideliking:

Omdat die koning godsdientige rituele en gebruike beheer het, is sy leierskap **heilige/ gewyde/ geestelike** leierskap genoem.

10. onwaar 2 punte

Verduideliking:

K2 het in ongeveer 1000 n.C as hoofnedersetting by **Schroda** oorgeneem.

11. C: As hulle seerowers wou aanval, kon hulle die swart poeier in die gewere sit wat dan die koeëls kon uitskiet. 4 punte

Verduideliking:

Dit is die eerste ploffstof wat deur Sjinese uitgevind is. Buskruit is gebruik om koeëls uit gewere te skiet.

12. Groot Zimbabwe 3 punte

Verduideliking:

Groot Zimbabwe was 'n Afrika handelstaat. Vandag se Zimbabwe is hierna vernoem.

13. waar 2 punte

Verduideliking:

Die Renaissance het in Italië begin en van daar na die res van Europa versprei.

14. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Mapungubwe het nie Groot Zimbabwe geword nie. Groot Zimbabwe het verder noord van Mapungubwe ontwikkel.



15. glaskrale | glas krale | krale

3 punte

Verduideliking:

Schroda se inwoners het met Arabiese handelaars handel gedryf. Handel was maklik omdat Schroda naby die Limpoporivier was - die rivier het hulle met die kus verbind.

16. B: deur Afrikaner en Arabiese handelaars bestuur word

4 punte

Verduideliking:

Hulle het met mekaar handel gedryf vir baie jare. Die Arabiese handelaars wou vir Vasco da Gama vermoor toe hy die handel langs die ooskus van Afrika wou oorneem.

17. B: 'n Kompas het 'n magneet wat die kompasnaald altyd noord laat wys.

4 punte

Verduideliking:

18. Afrika | speserye | yskaste

6 punte

Verduideliking:

Die Europeërs het nie veel van Afrika en die ooste geweet nie, daarom het hulle op ontdekkingsreise oor die see gegaan. Hulle het gesoek na speserye wat nie goed gegroei het in die koue klimaat van Europa nie. Die speserye het verhoed dat voedsel vinnig vrot word en dit het ook geur aan die voedsel gegee.

19. A: koper

4 punte

Verduideliking:

Handelaars van Groot Zimbabwe het produkte gemaak van koper en dit later verkoop aan Arabiese handelaars by die kus vir 'n hoër prys. Die beeldhouers het die klipstandbeelde gemaak wat in Groot Zimbabwe gevind is.

20. C: argeoloë

4 punte

Verduideliking:

Argeoloë bestudeer voorwerpe uit die verlede om uit te vind hoe mense jare terug gelewe het.

21. skeurbuik

3 punte

Verduideliking:

Party matrose het gesterf aan skeurbuik. Die matrose was op die skepe vir lang tye.

22. Middeleeue | Donker-eeue | Middel eeue | Donker eeue

3 punte

Verduideliking:

Die **Midleleeue** was tussen 500 CE en 1500 CE. CE staan vir Common Era, wat dieselfde is as AD.



23. 1564 | 15 Februarie 1564 | Februarie 1564 | 15 Feb 1564 | 15/02/1564 | 1564 nC 3 punte

Verduideliking:

Galileo is in Pisa gebore, waar hy saam sy broers en susters gedurende die Italiaanse Renaissance grootgeword het. Sy vader was 'n musiekonderwyser en 'n beroemde musikant.

24. Venesië | Venesie 3 punte

Verduideliking:

Marco Polo is in 1254 in **Venesië** gebore.

25. waar 2 punte

Verduideliking:

Europese handelaars het vir nuwe maniere gesoek om na die Ooste te gaan sodat hulle nie deur Arabiese lande hoef te gereis het en belasting moes betaal nie.

26. kartografie | teken 4 punte

Verduideliking:

Kartograwe teken kaarte. In die 1500 en 1600 was dit met die hand gedoen.

27. Suid-Europa | Sjina 4 punte

Verduideliking:

Die handelroete is die **Syroete** genoem, omdat daar so baie met **Sjinese sy** op dié roete handel gedryf is.

28. Schroda | K2 | Mapungubwe 6 punte

Verduideliking:

Drie groot nedersettings het na mekaar in verskillende dele van die Limpopovallei ontwikkel. Elke nedersetting het die vorige een vervang.

29. D: Humanisme is 'n ideologie (idee) wat intellektuele ontwikkeling aangemoedig het, wat mense eerder as God die middelpunt van aandag maak. 4 punte

Verduideliking:

Humanisme bestudeer die potensiaal van die mens om groot dinge alleen te kan doen sonder om op 'n God te vertrou.

30. B: agteruit 4 punte

Verduideliking:

Hulle het agteruit opgeloopt, soms vinnig oor hul linkerskouer gekyk met hul oë toegemaak deur hul hande. Die heuwel was 'n heilige plek.

Totaal: 106 Punte

